Datum: ______________________

# GROTER BETER DIEPER

## DEEL 4: STERKER GELOOF

## Die Verlamde Man

**Markus 2:1-12(AFR20)** Toe Hy ná 'n paar dae weer in Kapernaum kom, het dit bekend geword dat Hy by die huis was. [2] Baie mense het daar saamgedrom, met die gevolg dat daar nie meer plek was nie, selfs nie voor die deur nie. Hy was besig om die woord aan hulle te verkondig. [3] Toe kom daar mense wat 'n verlamde, gedra deur vier van hulle, na Hom bring. [4] Omdat hulle hom vanweë die skare nie tot by Jesus kon bring nie, het hulle 'n deel van die dak bokant waar Hy was, opgelig, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die slaapmat waarop die verlamde gelê het, laat afsak. [5] Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde man: “Kind, jou sondes word vergewe. ” [6] Maar sommige van die skrifkenners het daar gesit en in hulle harte geredeneer: [7] “Wie is hy dat hy so praat? Hy laster! Wie is in staat om sondes te vergewe behalwe net Een, en dit is God? ” [8] Jesus het onmiddellik in sy gees geweet dat hulle so by hulleself redeneer, en het vir hulle gesê: “Waarom het julle bedenkinge in julle harte hieroor? [9] Wat is makliker, om vir die verlamde te sê, ‘Jou sondes word vergewe,’ of om te sê, ‘Staan op, tel jou slaapmat op en loop’? [10] Maar sodat julle kan weet dat die Seun van die Mens volmag het om op aarde sondes te vergewe ...” – sê Hy toe vir die verlamde: [11] “Ek sê vir jou, staan op, tel jou slaapmat op en gaan na jou huis.” [12] Hy het toe opgestaan, sy slaapmat dadelik opgetel en voor almal uit geloop, sodat almal verbaas was en God geprys en gesê het: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”

## Jou Vier Hoeke

1. ________________________ met mense

**Handelinge 1:8** Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

**Psalm 96:2** ...verkondig elke dag sy reddingsdade!

- Deel die EVANGELIE
- Deel jou STORIE
- Deel 'n UITNODIGING
- Deel 'n LAS
- Deel 'n KOPPIE KOFFIE

← Skandeer om jou na 'n studie te neem oor ***HOE OM MET MENSE OOR JESUS TE PRAAT*** en jou ***GETUIENIS*** met hulle te deel.

2. ________________________ met Jesus

**Efesiërs 4:11-12** En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. [12] Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

**1 Petrus 4:10** As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

3. ________________________ voortdurend struikelblokke

**Handelinge 15:19** Daarom meen ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir die heidene wat hulle tot God bekeer nie.

**Handelinge 20:28** ... Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg...

**1 Timoteus 4:7** ...Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe

4. ________________________ vir verandering in mense


**2 Korintiërs 3:18** ...Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word... Dit doen die Here wat die Gees is.

**Johannes 15:13-14** Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. [14] Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel.

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*

**Johannes 1:12** Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

**1 Johannes 3:1** Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.




**Ons bestaan om God te KEN...**

- Volgelinge is **GERED** (*Hand. 2:21; 16:31; Rom. 10:9-13; Ef. 2:8*)
- Volgelinge word **GELYKVORMIG** aan Jesus (*Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18; Gal. 5:22-23; Kol. 3; 1 Tim 4:7*)

**...en Hom BEKEND te maak...**

- Volgelinge **DEEL** Jesus met mense (*1 Pet. 3:15; Hand 1:8; Rom. 10:14-15; 2 Kor. 5:19; Ps. 96:2*)
- Volgelinge **DIEN** mense met Jesus (*Mat. 20:28; 23:11; Gal. 5:13; 1 Pet. 4:10*)

**...terwyl ons mekaar LIEFHET.**

- Volgelinge **VERSORG** en versterk ander mense (*Hand. 20:28; Fil. 2:4; Heb. 10:23-24; Ps. 41:2*)
- Volgelinge **VERTEL** vir ander hulle uitdagings, vrese, sondes en verlede (*Hand. 19:18; Jak. 5:16; Rom. 1:12; Ef. 4:25*)

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*